


KragDag
doen jou eie ding

Saamgestel deur KragDag & Lex Libertas

# Praktiese idees en hulpmiddels om jou eie pad na groter selfstandigheid te vind

LEX LIBERTAS

# 2026 Selfstandigheidsgids

Druppels word strome. Strome word riviere.

# Inhoud

Voorwoord ..... 1
**Hoofstuk 1:** Die idee agter selfstandigheid ..... 2
**Hoofstuk 2:** Begin hier ..... 3
**Hoofstuk 3:** Opvoeding en Vaardighede ..... 4
**Hoofstuk 4:** Energie ..... 6
**Hoofstuk 5:** Water ..... 8
**Hoofstuk 6:** Voedsel ..... 10
**Hoofstuk 7:** Behuising en selfdoen ..... 12
**Hoofstuk 8:** Veiligheid ..... 14
**Hoofstuk 9:** Finansiële selfstandigheid ..... 16
**Hoofstuk 10:** My persoonlike plan ..... 18

# Voorwoord

Groot verandering begin selde met een groot besluit.

Dit begin gewoonlik met iets veel eenvoudiger. 'n Gesin wat besluit om reënwater op te vang. 'n Boer wat 'n nuwe manier vind om sy plaas meer veerkragtig te maak. 'n Ondernemer wat sy afhanklikheid van die kragnetwerk verminder. 'n Gemeenskap wat saam verantwoordelikheid neem vir hul eie veiligheid.

Op hul eie lyk hierdie besluite klein. Maar oor tyd bou hulle op mekaar. Soos druppels wat strome word en strome wat uiteindelik riviere vorm.

Dit is die gedagte agter KragDag.

Selfstandigheid gaan nie daaroor om alles self te doen of jou van ander af te sonder nie. Dit gaan daaroor om groter verantwoordelikheid te neem vir dit wat binne jou beheer is en met groter vryheid jou eie besluite te kan neem. Hoe minder afhanklik jy is van stelsels waaroor jy geen beheer het nie, hoe groter word jou vermoë om by veranderende omstandighede aan te pas en met vertroue vorentoe te beweeg.

Daar is nie een regte pad na selfstandigheid nie. Elke gesin, plaas, onderneming en gemeenskap het sy eie omstandighede, uitdagings en doelwitte.

Vir sommige begin die reis by energie. Vir ander by water, voedsel, veiligheid of finansies. Die belangrikste is nie waar jy begin
nie, maar dat jy begin.

Hierdie gids is daarom nie 'n handleiding met vaste antwoorde nie. Dit is 'n praktiese hulpmiddel wat jou wil help om jou eie situasie te beoordeel, moontlikhede te verken en ingeligte besluite te neem. Gebruik die selftoetse, kontrolelyste, vergelykings en werkvelle om jou eie plan saam te stel. Gesels met uitstallers. Maak notas. Vra vrae. Ontdek oplossings wat by jou omstandighede pas.

KragDag se uitstallerslys is 'n nuttige vertrekpunt om verskaffers van produkte en dienste te vind. Verken die lys, vergelyk oplossings en kontak die verskaffers wat die beste by jou behoeftes pas. Kry die lys hier: **www.kragdag.co.za/webtuiste/ekspo/lys-van-uitstallers**

Ons hoop dat hierdie gids meer sal wees as iets wat jy tydens KragDag deurlees. Ons hoop dit word 'n werkboek waarna jy oor en oor terugkeer. 'n Plek waar
nuwe idees ontstaan, planne vorm aanneem en klein besluite uiteindelik groot verskille maak.

**Want dit is hoe selfstandigheid groei.**
**Druppels word strome. Strome word riviere**

# Die idee agter selfstandigheid

## Wat beteken selfstandigheid?

Selfstandigheid beteken nie vir almal dieselfde nie.

Vir sommige begin dit by energie. Vir ander by water, voedsel, finansies, veiligheid of opvoeding. Sommige mense sien dit in die vermoë om hul eie onderneming te bou, terwyl ander dit uitleef deur sterker gesinne, hegte gemeenskappe of verantwoordelike rentmeesterskap.

Juis daarom probeer hierdie gids nie om selfstandigheid in 'n enkele definisie vas te vang nie. Elke huishouding, plaas, onderneming en gemeenskap het sy eie omstandighede, uitdagings en doelwitte. Daar is nie een regte beginpunt of een eindbestemming nie.

Wat wel vir almal geld, is dat **selfstandigheid begin wanneer ons verantwoordelikheid neem vir dit wat binne ons beheer is.**

Dit beteken nie dat ons alles self moet doen nie. Niemand is volkome onafhanklik nie, en dit is ook nie die doel nie. Mense floreer wanneer hulle saamwerk, handel dryf, kennis deel en mekaar ondersteun. Selfstandigheid en samewerking is nie teenpole nie. Inteendeel, sterk gemeenskappe word gebou deur mense wat bereid is om self verantwoordelikheid te aanvaar.

Selfstandigheid vra daarom nie dat ons onsself van die wêreld afsonder nie. Dit vra bloot dat ons eerlik kyk na die dinge waarvan ons afhanklik is en onsself afvra:

**Waar kan ek beter voorbereid wees? Waar kan ek groter beheer neem? Waar kan ek vandag reeds 'n stap neem wat my môre meer veerkragtig maak?**

Vir sommige sal daardie stap klein wees. Vir ander sal dit groter beplanning en belegging verg. Albei is deel van dieselfde reis.

## Waarom is dit belangrik?

Die wêreld verander voortdurend.

Tegnologie ontwikkel, ekonomiese omstandighede verander en nuwe uitdagings ontstaan dikwels vinniger as wat ons dit verwag. Hoewel niemand die toekoms kan voorspel nie, kan elkeen besluit hoe goed hy daarop voorbereid wil wees.

Selfstandigheid gaan daarom nie daaroor om uit vrees op te tree nie. Dit gaan daaroor om met wysheid vooruit te dink.

Wanneer 'n huishouding sy afhanklikheid verminder, bou dit groter veerkragtigheid. Wanneer 'n onderneming verantwoordelik beplan, skep dit groter sekerheid. Wanneer gemeenskappe saam oplossings ontwikkel, word almal sterker.

Die vraag is dus nie of verandering gaan kom nie.

Die vraag is of ons gereed gaan wees wanneer dit kom.

### 'n Reis, nie 'n bestemming nie

Daar bestaan nie 'n punt waar iemand kan sê: "Nou is ek heeltemal selfstandig." Selfstandigheid is nie iets wat 'n mens bereik en dan afmerk nie. Dit is 'n voortdurende proses van leer, verbeter en aanpas soos jou omstandighede verander.

Vir een persoon begin die reis dalk met 'n reënwatertenk. Vir iemand anders met 'n noodfonds, 'n sonkragstelsel, 'n groentetuin of 'n veiligheidsplan. Mettertyd lei daardie eerste besluit na die volgende een, en dan nog een.

Só word selfstandigheid gebou.

Nie deur een groot besluit nie, maar deur baie doelbewuste besluite wat oor tyd op mekaar volg.

***"Die pad na groter selfstandigheid begin nie by groot planne nie, maar by die besluit om verantwoordelikheid te neem vir die volgende stap."***

# Begin hier

## Waar staan jy vandag?

Elke reis begin by dieselfde vraag: Waar staan ek vandag?

Voordat jy nuwe oplossings ondersoek of besluite neem, help dit om eers jou eie vertrekpunt te verstaan. Jy het waarskynlik reeds meer stappe na groter selfstandigheid geneem as wat jy besef. Miskien het jy 'n noodfonds opgebou, begin reënwater opvang of jou huishouding beter beveilig. Miskien is daar ander areas waar jy weet jy wil verbeter, maar jy is onseker waar om te begin.

Hierdie gids gaan nie vir jou sê hoe selfstandig jy móét wees nie. Dit help jou bloot om jou eie situasie eerlik te beoordeel, nuwe moontlikhede te ontdek en jou eie pad vorentoe te bepaal.

Neem 'n paar minute om die volgende vrae te beantwoord. Daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie. Die doel is nie om jouself met iemand anders te vergelyk nie, maar om jou eie vertrekpunt vas te stel. Wanneer jy later weer na hierdie gids terugkeer, kan jy dieselfde vrae weer beantwoord en sien hoe jou eie reis gevorder het.

## Jou selfstandigheidspeiling

**1. Watter stelling beskryf jou huishouding die beste?**

- ☐ Ons reageer meestal op probleme wanneer dit ontstaan.
- ☐ Ons probeer vooruit beplan vir belangrike risiko's.
- ☐ Ons werk doelbewus daaraan om ons afhanklikheid te verminder.
- ☐ Ons hersien en verbeter gereeld ons oplossings en planne.

**2. Wanneer daar 'n uitdaging ontstaan, hoe reageer julle gewoonlik?**

- ☐ Ons vertrou dat bestaande dienste of instellings die probleem sal oplos.
- ☐ Ons probeer self 'n oplossing vind.
- ☐ Ons werk saam met familie, vriende of gemeenskap om oplossings te ontwikkel.
- ☐ Dit hang van die situasie af.

**3. Watter drie areas gee jou tans die meeste gemoedsrus? (Merk hoogstens drie.)**

- ☐ Energie
- ☐ Water
- ☐ Voedsel
- ☐ Behuising
- ☐ Veiligheid
- ☐ Finansies

**4. Watter drie areas wil jy die graagste verder ontwikkel? (Merk hoogstens drie.)**

- ☐ Energie
- ☐ Water
- ☐ Voedsel
- ☐ Behuising
- ☐ Veiligheid
- ☐ Finansies


**5. Wat verhinder jou die meeste om die volgende stap te neem?**

- ☐ Ek weet nie waar om te begin nie.
- ☐ Finansiële oorwegings.
- ☐ Tyd.
- ☐ Ek het meer inligting nodig.
- ☐ Ek het nog nie daaroor begin dink nie.
- ☐ Ander: ..............................................................................

**6. Wat hoop jy om uit hierdie gids te kry?**

## Jou Selfstandigheidsprofiel

Die volgende gee jou 'n oorsig van waar jy vandag staan. Trek 'n strepie op elke as om jou vlak (Nog Baie Werk = binne, Sterk = buite) aan te dui en verbind die punte om jou eie "wiel" te sien.




***Neem hierdie profiel saam op jou reis:*** *Hou jou antwoorde in gedagte. Aan die einde van hierdie gids kry jy die geleentheid om, met al hierdie nuwe kennis, jou eie persoonlike selfstandigheidsplan saam te stel.*

*KragDag se uitstallerslys is 'n nuttige vertrekpunt om verskaffers van produkte en dienste te vind. Verken die lys, vergelyk oplossings en kontak die verskaffers wat die beste by jou behoeftes pas. Kry die lys hier:* ***https://www.kragdag.co.za/webtuiste/ekspo/lys-van-uitstallers***

**HOOFSTUK 3**

# Opvoeding en vaardighede

## Dink

Elke ouer droom daarvan dat hul kinders eendag onafhanklik, verantwoordelik en met selfvertroue hul plek in die wêreld sal inneem. Daardie voorbereiding begin lank voordat hulle hul eerste werk kry of hul eie huis betrek.

'n Skool speel 'n belangrike rol in 'n kind se ontwikkeling, maar die verantwoordelikheid vir 'n kind se opvoeding kan nooit heeltemal aan 'n onderwyser, 'n kurrikulum of 'n instelling oorgelaat word nie. Ouers bly die eerste en belangrikste opvoeders van hul kinders.

Opvoeding gaan oor veel meer as akademiese prestasie. Dit gaan ook oor karakter, verantwoordelikheid, werksetiek, waardes, kritiese denke en die vermoë om probleme op te los. Dit is dikwels die dinge wat kinders by die huis leer deur te kyk, saam te werk en verantwoordelikheid te aanvaar.

***Die belangrikste vraag is nie:***
*"Is my kind in die regte skool?"*

***Die belangrikste vraag is:***
*"Hoe berei ek my kind voor vir die lewe?"*

Selfstandige volwassenes word nie toevallig gevorm nie. Hulle groei op in huise waar leer, verantwoordelikheid en goeie waardes doelbewus deel van die alledaagse lewe is.

## Meet

**1. Hoe gereeld lees julle saam of gesels julle doelbewus oor nuwe idees?**

- ☐ **Byna elke dag**
- ☐ **Minstens een keer per week**
- ☐ **Af en toe**
- ☐ **Selde**

**2. Watter praktiese verantwoordelikhede het jou kinders?**

- ☐ **Huishoudelike take**
- ☐ **Tuinwerk**
- ☐ **Help met kosmaak**
- ☐ **Finansiële verantwoordelikhede soos sakgeld of begrotings**
- ☐ **Nog nie**

**3. Watter vaardighede leer julle doelbewus by die huis?**

- ☐ Selfdoen- en herstelwerk
- ☐ Voedselverbouing of tuinmaak
- ☐ Finansiële bestuur
- ☐ Kook en voedselbewaring
- ☐ Noodhulp
- ☐ Digitale vaardighede
- ☐ Ander: ....................................................................................

**4. Hoe gereeld praat julle as gesin oor waardes, verantwoordelikheid en belangrike lewenskeuses?**

- ☐ Gereeld
- ☐ Soms
- ☐ Selde

**5. Wat is jou grootste doel?**

- ☐ My kind beter voorberei vir volwassenheid
- ☐ Meer praktiese lewensvaardighede aanleer 'n
- ☐ Sterker leeskultuur tuis bou
- ☐ Meer doelbewus by my kind se opvoeding betrokke wees
- ☐ Ander: ............................................................................

> ***Het jy geweet?***
> *Kinders leer dikwels meer uit wat hulle sien as uit wat hulle hoor. Wanneer ouers lees, probleme oplos, verantwoordelikheid aanvaar en aanhou leer, word daardie gewoontes deel van hul kinders se wêreldbeskouing.*

## Verken

Opvoeding gebeur elke dag. Kinders leer nie net wanneer hulle agter 'n lessenaar sit nie. Hulle leer wanneer hulle saam met jou werk, vrae vra, foute maak verantwoordelikheid aanvaar en sien hoe jy uitdagings hanteer.

Elke gesin het die geleentheid om doelbewus 'n kultuur van leer te bou. Dit beteken nie dat ouers al die antwoorde hoef te hê nie. Dit beteken wel dat hulle bereid is om saam met hul kinders te ontdek, te leer en te groei. Oorweeg onder meer:

- Moedertaalonderrig
- 'n Leeskultuur in die huis
- Praktiese lewensvaardighede
- Werksetiek en verantwoordelikheid
- Finansiële geletterdheid
- Kritiese denke en probleemoplossing
- Digitale geletterdheid
- Ambagte en praktiese beroepe
- Mentorskap en Lewenslange leer

Gebruik KragDag om met opvoedkundiges, opleidingsinstellings, uitstallers en ander ouers te gesels oor maniere waarop jy jou kinders beter vir die lewe kan voorberei.

## Vra vir die verskaffer

Wanneer jy met verskaffers gesels, vra gerus:

- Watter opleidingsgeleenthede bied julle aan?
- Hoe kan kinders prakties by hierdie vakgebied betrokke raak?
- Is daar produkte of hulpmiddels wat leer by die huis ondersteun?
- Watter vaardighede dink julle gaan in die toekoms al belangriker word?
- Hoe kan beginners maklik aan die gang kom?
- Waar kan ons meer oor hierdie onderwerp leer?

## Vergelyk

Voordat jy besluit...

- ☐ Hierdie geleentheid help my kind om nuwe vaardighede te ontwikkel.
- ☐ Dit moedig selfstandige denke en probleemoplossing aan.
- ☐ Dit pas by ons gesin se waardes.
- ☐ Ek verstaan die tyd- en kosteverbintenis.
- ☐ Dit berei my kind beter voor vir die lewe.

> ***Wenk***
> *Kinders leer die meeste wanneer hulle saam met volwassenes werk. Betrek hulle by huishoudelike take, herstelwerk, tuinmaak, begrotings, beplanning en besluitneming. Sulke ervarings bou selfvertroue, verantwoordelikheid en praktiese wysheid wat geen handboek volledig kan oordra nie.*

## Maak notas

Verskaffer(s):

Program, produk of diens:

Belangrike opmerkings:

## Beplan

My volgende stap

- ☐ Begin gereeld saam lees.
- ☐ Leer my kinders 'n nuwe praktiese vaardigheid.
- ☐ Gee my kinders meer verantwoordelikhede.
- ☐ Woon saam 'n werkswinkel of demonstrasie by.
- ☐ Besoek spesifieke uitstallers.
- ☐ Ander: ........................................................................................

### Bonus: 10 dinge wat elke ouer doelbewus behoort te leer

- ☐ Om verantwoordelikheid vir hul dade te aanvaar.
- ☐ Om probleme self op te los.
- ☐ Om met geld te werk en verstandig te spaar.
- ☐ Om hard te werk en take te voltooi.
- ☐ Om kos te kan maak en eenvoudige huishoudelike take te verrig.
- ☐ Om basiese selfdoenvaardighede aan te leer.
- ☐ Om krities te dink en goeie vrae te vra.
- ☐ Om ander met respek en waardigheid te behandel.
- ☐ Om hul talente tot voordeel van hul gemeenskap te gebruik.
- ☐ Om nuuskierig te bly en nooit op te hou leer nie.

***Onthou:*** *Geen skool kan die rol van 'n ouer oorneem nie. Kinders word elke dag gevorm deur die gesprekke wat hulle hoor, die voorbeeld wat hulle sien en die verantwoordelikhede wat hulle kry.*

HOOFSTUK 4

# Energie

## Dink

Elektrisiteit is vir die meeste huishoudings en ondernemings so deel van die alledaagse lewe dat ons eers die waarde daarvan besef wanneer dit nie beskikbaar is nie.

Lig, kommunikasie, verkoeling, waterpompe, veiligheidstelsels, besighede en boerdery is alles in 'n mindere of meerdere mate daarvan afhanklik. Daarom is energie vir baie mense die eerste stap op hul pad na groter selfstandigheid.

Groter energieselfstandigheid beteken egter nie noodwendig dat jy heeltemal onafhanklik van die kragnetwerk hoef te wees nie. Vir sommige huishoudings is 'n klein rugsteunstelsel voldoende. Ander wil hul elektrisiteitsrekening verminder, terwyl sommige daarna streef om hul eie krag volledig op te wek. Die regte oplossing begin altyd by jou eie behoeftes, begroting en langtermynplan.

***Die belangrikste vraag is nie:***
*"Watter stelsel moet ek koop?" nie.*

***Die belangrikste vraag is:***
*"Wat het my huishouding of onderneming werklik nodig?"*

***Het jy geweet?*** *Die duurste sonkragstelsel is nie noodwendig die beste sonkragstelsel nie. 'n Stelsel wat by jou werklike energieverbruik pas, lewer dikwels beter waarde as een wat groter is as wat jy nodig het.*

## Meet

**1. Waar kry jy tans jou elektrisiteit?**

- ☐ Munisipale netwerk
- ☐ Eskom
- ☐ Sonkrag
- ☐ Kragopwekker
- ☐ Kombinasie van bogenoemde
- ☐ Ander: ..............................................................................

**2. Hoe gereeld beïnvloed kragonderbrekings jou?**

- ☐ Byna nooit
- ☐ Soms
- ☐ Gereeld
- ☐ Byna daagliks

**3. Hoe lank kan jou huishouding sonder elektrisiteit funksioneer?**

- ☐ Minder as 2 uur
- ☐ 'n Halwe dag
- ☐ Een dag
- ☐ Meer as een dag

**4. Watter van hierdie moet altyd aan bly?**

- [ ] Yskas en vrieskas
- [ ] Veiligheidstelsels
- [ ] Waterpompe
- [ ] Mediese toerusting
- [ ] Internet
- [ ] Besigheidstoerusting

**5. Wat is jou grootste doel?**

- [ ] Minder kragonderbrekings
- [ ] Laer elektrisiteitsrekening Groter selfstandigheid
- [ ] Omgewingsvriendelike oplossing
- [ ] Voorbereiding vir die toekoms

## Verken: Daar is nie net een oplossing nie

Wanneer mense aan energieselfstandigheid dink, dink hulle dikwels onmiddellik aan sonkrag. Hoewel sonkrag vir baie huishoudings 'n uitstekende oplossing is, is dit nie noodwendig die beste of enigste antwoord nie. Die regte oplossing hang af van jou behoeftes, begroting en omstandighede.

Dit is daarom belangrik om eers jou energieverbruik en doelwitte te verstaan voordat jy 'n besluit neem. Oorweeg onder meer:

- Sonkragstelsels
- Batteryrugsteunstelsels
- Kragopwekkers
- Gas vir kook of verhitting
- Sonwaterverhitting
- Energie-doeltreffende toestelle
- Slim energiebestuur
- Kombinasies van bogenoemde

Elke oplossing het sy eie voordele, koste en toepassings. Gebruik KragDag om verskillende tegnologieë te vergelyk, vrae te vra en praktiese raad by kenners te kry.

## Vra vir die verskaffer

Wanneer jy met verskaffers gesels, vra gerus:

- Watter oplossing pas die beste by my huidige behoeftes?
- Hoe maklik kan die stelsel later uitgebrei word?
- Watter onderhoud verg dit?
- Hoe lank behoort die batterye of toerusting te hou?
- Wat gebeur as een komponent vervang moet word?
- Hoe lyk die totale koste oor die volgende tien jaar?

## Vergelyk

Voordat jy besluit... Gebruik hierdie kontrolelys.

- [ ] Ek verstaan my huishouding se energieverbruik.
- [ ] Ek weet watter toestelle noodsaaklik is.
- [ ] Ek het verskillende oplossings vergelyk.
- [ ] Ek verstaan die installasie- en onderhoudskoste.
- [ ] Ek het met meer as een verskaffer gesels.
- [ ] Ek verstaan hoe die oplossing in die toekoms uitgebrei kan word.
- [ ] Ek is gemaklik met my besluit.

## Beplan

My volgende stap. Die doel van hierdie hoofstuk was nie om vir jou 'n oplossing te kies nie. Die doel was om jou te help om die regte oplossing vir jóú omstandighede te vind. Watter stap wil jy binne die volgende drie maande neem?

- [ ] Bereken my energieverbruik.
- [ ] Kry kwotasies.
- [ ] Vergelyk verskillende tegnologieë.
- [ ] Ondersoek spesifieke verskaffers.
- [ ] Begin spaar vir 'n toekomstige stelsel.
- [ ] Ander: ........................................................................

## Maak notas

Verskaffer(s):

Produk(te):

Belangrike opmerkings:

***Wenk***

*Moenie jou energiebehoeftes net vir vandag beplan nie. Dink aan hoe jou huishouding of onderneming oor die volgende vyf tot tien jaar kan verander. 'n Stelsel wat maklik uitgebrei kan word, is dikwels 'n beter langtermynbelegging as een wat vandag net-net aan jou behoeftes voldoen.*

# Water




## Dink

Water is een van die kosbaarste hulpbronne waaroor enige huishouding, plaas of onderneming beskik. Sonder water kom die alledaagse lewe vinnig tot stilstand. Drinkwater, voedselproduksie, sanitasie, besproeiing en talle ander aktiwiteite is daarvan afhanklik.

Tog dink baie mense eers oor water wanneer die krane opdroog.

Groter waterselfstandigheid beteken nie noodwendig dat jy heeltemal onafhanklik van munisipale water hoef te wees nie. Dit gaan eerder daaroor om jou afhanklikheid te verminder, water verantwoordelik te bestuur en voorbereid te wees wanneer die onverwagte gebeur.

Vir sommige begin die reis met 'n eenvoudige watertenk. Vir ander is dit 'n boorgat, waterfiltrering of beter waterbestuur. Die regte oplossing verskil van een huishouding tot die volgende.

***Die belangrikste vraag is nie:***
*"Hoe kry ek meer water?"*

***Die belangrikste vraag is:***
*"Hoe gebruik en bestuur ek die water waaroor ek reeds beskik?"*

Wanneer ons water waardeer en verstandig bestuur, bou ons nie net groter selfstandigheid nie, maar tree ons ook as verantwoordelike rentmeesters op.

> ***Het jy geweet? 'n Druppende kraan kan oor 'n jaar duisende liters water vermors. Die goedkoopste liter water is dikwels die een wat jy nooit hoef te vervang nie.***

## Meet

**1. Waar kry jy die grootste deel van jou water?**

- ☐ Munisipale toevoer
- ☐ Boorgat
- ☐ Reënwater
- ☐ 'n Kombinasie van bogenoemde
- ☐ Ander

**2. Vir hoe lank kan jou huishouding sonder munisipale water klaarkom?**

- ☐ Minder as een dag
- ☐ 1–3 dae
- ☐ 4–7 dae
- ☐ Langer as 'n week

**3. Het julle waterberging?**

- ☐ Geen
- ☐ Minder as 1 000 liter
- ☐ 1 000–5 000 liter
- ☐ Meer as 5 000 liter

**4. Waar gebruik julle die meeste water?**

- ☐ Drinkwater
- ☐ Badkamers
- ☐ Wasgoed
- ☐ Tuin
- ☐ Diere
- ☐ Besigheid of boerdery
- ☐ Ander

**5. Watter van die volgende beskik julle reeds oor?**

- ☐ Watertenk
- ☐ Boorgat
- ☐ Waterfiltrering
- ☐ Drukpomp
- ☐ Gryswaterstelsel
- ☐ Reënwateropvang
- ☐ Geen van bogenoemde

**6. Wat is jou grootste doel?**

- ☐ Groter watersekerheid
- ☐ Minder waterverbruik
- ☐ Laer waterrekening
- ☐ Betroubare noodwatervoorraad
- ☐ Groter waterselfstandigheid

## Verken: Daar is meer as een oplossing

Wanneer mense oor waterselfstandigheid dink, fokus hulle dikwels op een oplossing, soos 'n boorgat of watertenk. In die praktyk is die beste oplossing dikwels 'n kombinasie van verskillende stappe.

Dink onder meer aan:

- Reënwateropvang
- Watertenks
- Boorgate
- Waterfiltrering
- Watersuiwering
- Gryswaterstelsels
- Waterbesparende toebehore
- Slim besproeiing
- Lekkasie-opsporing
- Doeltreffende waterbestuur

Die doel is nie noodwendig om meer water te gebruik nie, maar om elke liter beter te benut.

Gebruik KragDag om verskillende oplossings te vergelyk, produkte in werking te sien en met kenners te gesels oor die opsie wat die beste by jou omstandighede pas.

## Vra vir die verskaffer

Wanneer jy met verskaffers gesels, vra gerus:

- Watter oplossing pas die beste by my behoeftes?
- Hoeveel water behoort ek realisties te kan opgaar?
- Hoeveel onderhoud verg die stelsel?
- Kan die oplossing later uitgebrei word?
- Hoe lank behoort die toerusting te hou?
- Watter water is geskik vir drink, huishoudelike gebruik of besproeiing?
- Watter lopende koste moet ek in ag neem?

## Vergelyk

Voordat jy besluit... Gebruik hierdie kontrolelys.

- ☐ Ek weet hoeveel water my huishouding ongeveer gebruik.
- ☐ Ek verstaan waar my grootste waterverbruik plaasvind.
- ☐ Ek het verskillende oplossings vergelyk.
- ☐ Ek verstaan die installasie- en onderhoudskoste.
- ☐ Ek het met meer as een verskaffer gesels.
- ☐ Ek weet hoe die oplossing later uitgebrei kan word.
- ☐ Ek is gemaklik met my besluit.

## Beplan

Die doel van hierdie hoofstuk was nie om vir jou een oplossing voor te skryf nie. Die doel was om jou te help om die oplossing te vind wat die beste by jou behoeftes pas. Watter stap wil jy binne die volgende drie maande neem?

- ☐ Monitor my waterverbruik.
- ☐ Verbeter my waterberging.
- ☐ Ondersoek reënwateropvang.
- ☐ Doen navraag oor 'n boorgat.
- ☐ Vergelyk waterfiltrering- en watersuiweringstelsels.
- ☐ Besoek spesifieke uitstallers.
- ☐ Ander: ........................................................................

## Maak notas

Verskaffer(s):

Produk(te):

Belangrike opmerkings:

***Wenk***

*Begin by waterbestuur voordat jy groot beleggings maak. Herstel lekkasies, monitor jou waterverbruik en kyk waar water onnodig verlore gaan. Dikwels maak hierdie eenvoudige stappe reeds 'n merkbare verskil en help dit jou om later beter besluite oor groter beleggings te neem.*

# Voedsel

## Dink

Voedselselfstandigheid beteken nie dat elke huishouding al sy eie kos moet produseer nie.

Vir sommige beteken dit 'n paar kruie in die kombuis. Vir ander is dit 'n groentetuin, vrugtebome, hoenders of selfs 'n groter boerdery. Die doel is nie om alles self te doen nie, maar om minder afhanklik te wees en meer beheer oor jou voedselvoorsiening te hê.

Wanneer jy self begin produseer, al is dit op klein skaal, ontdek jy gou dat dit oor veel meer gaan as net kos op die tafel. Jy leer nuwe vaardighede aan, verstaan waar jou kos vandaan kom en ontwikkel groter waardering vir die tyd, moeite en hulpbronne wat voedselproduksie verg.

***Die belangrikste vraag is nie:***
*"Hoeveel kos kan ek self produseer?"*

***Die belangrikste vraag is:***
*"Wat is 'n realistiese volgende stap vir my?"*

Selfstandigheid groei dikwels een bedding, een vrugteboom of een hoenderhok op 'n slag.

***Het jy geweet?*** *Jy het nie 'n groot erf nodig om vars kos te verbou nie. Baie gewasse groei uitstekend in potte, verhoogde beddings of vertikale tuine. Selfs 'n klein stoep, patio of balkon kan genoeg ruimte bied om kruie, blaarslaai, spinasie en ander groente suksesvol te verbou.*

## Meet

**1. Waar koop julle die meeste van julle kos?**

- ☐ Supermarkte
- ☐ Plaaslike markte
- ☐ Direk van boere
- ☐ Ek produseer reeds 'n deel self
- ☐ Kombinasie van bogenoemde

**2. Produseer julle tans enige voedsel?**

- ☐ Groente
- ☐ Vrugte
- ☐ Kruie
- ☐ Hoenders vir eiers
- ☐ Ander vee
- ☐ Geen

**3. Hoeveel ruimte het julle beskikbaar?**

- ☐ Geen buitelugruimte
- ☐ Klein stoep, patio of balkon
- ☐ Klein tuin
- ☐ Groot tuin
- ☐ Kleinhoewe of plaas

**4. Watter vaardighede beskik julle reeds oor?**

- ☐ Groentetuin
- ☐ Vrugteverbouing
- ☐ Hoenders
- ☐ Voedselpreservering
- ☐ Komposmaak
- ☐ Geen ervaring

**5. Wat is jou grootste doel?**

- ☐ Vars produkte vir my gesin
- ☐ Geld bespaar
- ☐ Gesonder leef
- ☐ Groter selfstandigheid
- ☐ Nuwe vaardighede aanleer

## Verken: Begin waar jy is

Baie mense stel voedselselfstandigheid uit omdat hulle dink hulle het nie genoeg grond, tyd of kennis nie. Die waarheid is dat byna enige huishouding êrens kan begin. Jy hoef nie 'n groot groentetuin of kleinhoewe te hê nie. Vandag is daar talle praktiese maniere om selfs beperkte ruimte optimaal te benut. Potte, verhoogde beddings en vertikale tuine maak dit moontlik om vars produkte op stoepe, balkonne en in klein tuine te verbou.

Oorweeg onder meer:

- Groentetuine
- Kruietuine
- Vrugtebome
- Hoenders vir eiers
- Byeboerdery
- Komposmaak
- Voedselpreservering
- Vertikale tuine
- Verhoogde beddings

Die doel is nie om alles tegelyk te doen nie. Begin met een projek, leer daaruit en bou daarop voort. Gebruik KragDag om by ervare produsente en uitstallers te leer wat in jou omgewing die beste werk.

## Vra vir die verskaffer

Wanneer jy met verskaffers gesels, vra gerus:

- Watter gewasse groei die beste in my omgewing?
- Waarmee behoort 'n beginner te begin?
- Hoe verbeter ek my grond?

- Hoe bespaar ek water?
- Watter gereedskap is werklik nodig?
- Hoe beheer ek plae op 'n verantwoordelike manier?
- Watter gewasse lewer die beste opbrengs vir die ruimte wat ek beskikbaar het?

## Vergelyk

Voordat jy begin...

- ☐ Ek weet hoeveel ruimte ek beskikbaar het.
- ☐ Ek weet hoeveel tyd ek realisties aan 'n tuin kan bestee.
- ☐ Ek het verskillende oplossings vergelyk.
- ☐ Ek verstaan die koste.
- ☐ Ek het met ervare mense gesels.
- ☐ Ek weet waarmee ek eerste wil begin.

## Beplan

My volgende stap

- ☐ Begin 'n groentetuin.
- ☐ Plant vrugtebome.
- ☐ Begin 'n kruietuin.
- ☐ Bou 'n vertikale tuin.
- ☐ Doen navorsing oor hoenders.
- ☐ Leer meer oor voedselpreservering.
- ☐ Besoek spesifieke uitstallers.
- ☐ Ander: ..........................................................................................

## Maak notas

Verskaffer(s):

Produk(te):

Belangrike opmerkings:

***Wenk***

*Moenie probeer om alles self te produseer nie. Begin met die groente, vrugte of kruie wat jou gesin die meeste gebruik en wat goed in jou omgewing groei. Elke suksesvolle oes bou kennis, selfvertroue en die motivering om die volgende stap te neem.*

## Bonus: 10 gewasse waarmee jy vandag kan begin

Jy hoef nie 'n groot tuin te hê om jou eerste oes te geniet nie. Baie gewasse groei uitstekend in potte, verhoogde beddings of vertikale tuine. Begin met een of twee waarvan jou gesin gereeld eet en brei jou tuin uit soos jou ervaring groei.

| Gewas | Beste planttyd | Eerste oes | Moeilikheid | Wenk |
|---|---|---|---|---|
| Spinasie | Herfs en lente | 6–8 weke | ★☆☆ | Oes die buitenste blare sodat plant aanhou groei. |
| Blaarslaai | Byna regdeur jaar | 6–8 weke | ★☆☆ | Plant elke paar weke vir deurlopende oes. |
| Tamaties | Lente | 10–14 weke | ★★☆ | Gebruik stutte en gee gereeld water. |
| Boontjies | Lente en somer | 8–10 weke | ★☆☆ | Baie geskik vir beginners. |
| Wortels | Herfs en lente | 10–12 weke | ★★☆ | Groei die beste in los grond. |
| Beet | Herfs en lente | 8–10 weke | ★☆☆ | Beide die knolle en blare is eetbaar. |
| Uie | Herfs of winter | 5–6 maande | ★★☆ | Benodig geduld, maar min onderhoud. |
| Kruie | Afhangend van soort | 4–8 weke | ★☆☆ | Ideaal vir potte naby die kombuis. |
| Aartappels | Lente | 3–4 maande | ★★☆ | Kan ook in sakke of groot houers verbou word. |
| Pampoene | Lente | 3–5 maande | ★★☆ | Benodig meer ruimte, maar lewer volop. |

# Behuising en selfdoenprojekte




## Dink

Jou huis is meer as net 'n plek waar jy woon. Dit is die plek waar jou gesin bymekaarkom, waar herinneringe geskep word en waar baie van die besluite wat jou selfstandigheid bepaal, geneem word.

'n Selfstandige huis hoef nie groot of luuks te wees nie. Dit is 'n huis wat doelbewus ingerig is om langer onafhanklik, veiliger en doeltreffender te funksioneer. Vir sommige beteken dit beter isolasie of sonverhitting. Vir ander is dit meer stoorplek, 'n werkswinkel, 'n groentetuin of bloot die regte gereedskap om self klein herstelwerk aan te pak.

Selfstandigheid gaan nie net oor wat jy besit nie. Dit gaan ook oor wat jy self kan doen. Elke nuwe vaardigheid wat jy aanleer, maak jou minder afhanklik van iemand anders en gee jou die selfvertroue om probleme self op te los.

***Die belangrikste vraag is nie:***
*"Hoe groot of modern is my huis?"*

***Die belangrikste vraag is:***
*"Hoe goed dien my huis my gesin se behoeftes?"*

'n Huis word met bakstene gebou, maar 'n tuiste word deur verantwoordelike besluite en praktiese vaardighede gevorm.

***Het jy geweet?***
*Baie verbeterings wat jou huis meer selfstandig maak, hoef nie duur te wees nie. Beter isolasie, LED-beligting, waterbesparende toebehore, ekstra stoorplek en eenvoudige selfdoenprojekte kan jou huis meer doeltreffend maak sonder groot uitgawes.*

## Meet

**1. Watter beskrywing pas die beste by jou?**

- [ ] Woonstel
- [ ] Dorpshuis
- [ ] Vrystaande huis
- [ ] Kleinhoewe
- [ ] Plaas

**2. Hoe gemaklik voel jy met selfdoenprojekte?**

- [ ] Ek doen die meeste herstelwerk self.
- [ ] Ek pak eenvoudige projekte aan.
- [ ] Ek wil graag meer leer.
- [ ] Ek laat meestal iemand anders die werk doen.

**3. Watter verbeterings wil jy graag aanbring?**

- [ ] Meer stoorplek
- [ ] Werkswinkel
- [ ] Beter isolasie
- [ ] Opknapping
- [ ] Buiteleefruimte
- [ ] Selfdoenprojekte
- [ ] Ander: ..........................................................................

**4. Beskik jy oor basiese gereedskap vir herstelwerk?**

- [ ] Ja
- [ ] Gedeeltelik
- [ ] Nee

**5. Wat is jou grootste doel?**

- [ ] My huis beter onderhou
- [ ] Meer self doen
- [ ] My huis meer doeltreffend maak
- [ ] Waarde toevoeg
- [ ] Groter selfstandigheid

## Verken: Bou aan jou huis & vermoë

'n Huis verg voortdurend aandag. Daar is altyd iets wat herstel, verbeter of aangepas kan word. Vir baie mense begin die reis na groter selfstandigheid wanneer hulle besluit om eenvoudige take self aan te pak. Elke suksesvolle projek bou kennis, selfvertroue en nuwe vaardighede. Oorweeg onder meer:

- Selfdoengereedskap en Houtwerk
- Basiese loodgieterswerk
- Basiese elektriese herstelwerk
- Verfwerk en Isolasie
- Berging en Werkswinkels
- Tuinverbeterings
- Praktiese boustelsels

Gebruik KragDag om nuwe produkte te ontdek, praktiese demonstrasies by te woon en by ervare vakmanne en uitstallers te leer.

### Bonus: 10 Noodsaaklike Gereedskapstukke

'n Goed toegeruste gereedskapkis maak dit moontlik om baie algemene herstelwerk met selfvertroue aan te pak.

- [ ] Klouhamer
- [ ] Maatband
- [ ] Waterpas
- [ ] Skroewedraaierstel
- [ ] Kombinasietang
- [ ] Verstelbare moersleutel
- [ ] Nutsmes
- [ ] Koordlose boor
- [ ] Handsaag
- [ ] Kragtige flits

## Vra vir die verskaffer

Wanneer jy met verskaffers gesels, vra gerus:

- Watter produkte bied die beste langtermynwaarde?
- Watter projekte kan 'n beginner veilig self aanpak?
- Watter gereedskap behoort elke huishouding te hê?
- Hoe kan ek onderhoudskoste verminder?
- Hoe maak ek my huis meer energie- en waterdoeltreffend?
- Watter verbeterings voeg die meeste waarde tot my huis toe?

## Vergelyk

Voordat jy begin...

- [ ] Ek weet watter verbeterings my huis eerste nodig het.
- [ ] Ek verstaan die koste.
- [ ] Ek het verskillende oplossings vergelyk.
- [ ] Ek het met kenners gesels.
- [ ] Ek weet waarmee ek eerste gaan begin.

## Beplan

My volgende stap

- [ ] Koop basiese gereedskap.
- [ ] Leer 'n nuwe selfdoenvaardigheid.
- [ ] Begin 'n huisverbeteringsprojek.
- [ ] Rig 'n werkswinkel in.
- [ ] Verbeter my stoorplek.
- [ ] Besoek spesifieke verskaffers.
- [ ] Ander: ........................................................................................

### Bonus: 5 Noodsaaklike Tuingereedskap

Hierdie vyf hulpmiddels is 'n goeie beginpunt vir bykans enige erf of groentetuin.

- [ ] Graaf
- [ ] Tuinvurk
- [ ] Snoeiskêr
- [ ] Hark
- [ ] Tuinslang of gieter

## Maak notas

***Wenk***

*Koop kwaliteit wanneer jy gereedskap koop.*

*Goeie gereedskap hou dikwels vir baie jare en maak elke volgende projek makliker. Bou jou versameling geleidelik op en koop eerder minder, maar beter.*

# Veiligheid




## Dink

Veiligheid begin lank voordat iets verkeerd loop.

Dit word gebou deur die besluite wat ons elke dag neem: hoe ons ons huis beveilig, hoe goed ons ons bure ken, hoe voorbereid ons is vir noodgevalle en hoe ons as gemeenskappe saamwerk.

Geen enkele produk of veiligheidsmaatreël kan alle risiko uitskakel nie. Net so bestaan daar nie een oplossing wat vir elke huishouding werk nie. Jou omstandighede, leefstyl en ligging bepaal watter maatreëls vir jou die meeste waarde inhou.

***Die belangrikste vraag is nie:***
*"Hoe veilig is my huis?"*

***Die belangrikste vraag is:***
*"Hoe goed is my gesin voorbereid?"*

Ware veiligheid lê nie net in heinings, kameras of alarms nie, maar ook in kennis, beplanning en mense wat bereid is om na mekaar om te sien.

***Het jy geweet?***
*Navorsing en ervaring uit gemeenskappe regoor die land wys dat sterk buurtnetwerke en aktiewe gemeenskaps-betrokkenheid dikwels een van die doeltreffendste maniere is om veiligheid te verbeter. Wanneer mense mekaar ken, ongewone aktiwiteite opmerk en saamwerk, word misdaad moeiliker.*

## Meet

**1. Watter veiligheidsmaatreëls het julle reeds?**

- ☐ Alarmstelsel
- ☐ Kameras
- ☐ Veiligheidshekke of diefwering
- ☐ Gewapende reaksie
- ☐ Honde
- ☐ Geen van bogenoemde

**2. Is julle deel van 'n buurtwag, plaaswag of veiligheidsnetwerk?**

- ☐ Ja, aktief betrokke
- ☐ Ja, maar nie aktief nie
- ☐ Nee

**3. Het julle 'n plan vir noodgevalle?**

- ☐ Ja
- ☐ Gedeeltelik
- ☐ Nee

**4. Beskik julle oor basiese veiligheidstoerusting?**

- ☐ Noodhulpkis
- ☐ Brandblusser
- ☐ Noodbeligting
- ☐ Kragtige flits
- ☐ Geen van bogenoemde

**5. Wat is jou grootste doel?**

- [ ] My huis beter beveilig
- [ ] Beter voorbereid wees
- [ ] Meer by die gemeenskap betrokke raak
- [ ] My gesin oplei
- [ ] Groter gemoedsrus

## Verken: Veiligheid is meer as toerusting

Alarms, kameras en heinings speel 'n belangrike rol, maar veiligheid begin by goeie gewoontes, voorbereiding en mense wat na mekaar omsien. Die beste veiligheidsplan bestaan uit verskillende lae wat mekaar aanvul.

Oorweeg onder meer:

- Toegangsbeheer en goeie slotte
- Buitebeligting
- Alarmstelsels en kameras
- Noodkommunikasie
- Noodhulpopleiding
- Brandveiligheid
- Persoonlike veiligheid
- Wettige selfverdediging
- Veilige vuurwapenhantering
- Buurt- en plaaswagte
- Gesinsnoodplanne

Gebruik KragDag om nuwe tegnologie te ontdek, praktiese demonstrasies by te woon en met kenners te gesels oor oplossings wat by jou gesin en omstandighede pas.

## Vra vir die verskaffer

Wanneer jy met verskaffers gesels, vra gerus:

- Watter oplossing pas die beste by my omstandighede?
- Hoe kan ek verskillende veiligheidsmaatreëls kombineer?
- Watter onderhoud verg die stelsel?
- Hoe werk die stelsel tydens kragonderbrekings?
- Kan die stelsel later uitgebrei word?
- Watter opleiding of ondersteuning word aangebied?

## Vergelyk

Voordat jy besluit...

- [ ] Ek verstaan my grootste veiligheidsrisiko's.
- [ ] Ek het verskillende oplossings vergelyk.
- [ ] Ek het met meer as een verskaffer gesels.
- [ ] My gesin weet wat om in 'n noodgeval te doen.
- [ ] Ek weet wat my volgende stap is.

## Beplan

My volgende stap

- [ ] Stel 'n gesinsnoodplan op.
- [ ] Koop 'n noodhulpkis.
- [ ] Laat my huis se veiligheid evalueer.
- [ ] Raak by 'n buurt- of plaaswag betrokke.
- [ ] Volg 'n noodhulpkursus.
- [ ] Besoek spesifieke verskaffers
- [ ] Ander: ................................................................................

## Maak notas

Verskaffer(s):

Produk(te):

Belangrike opmerkings:

***Wenk***

*'n Veiligheidsplan wat almal in die huis ken en gereeld inoefen, is dikwels meer werd as duur toerusting wat niemand weet hoe om reg te gebruik nie. Maak seker elke gesinslid weet wie om te bel, waar om bymekaar te kom en wat hul rol tydens 'n noodgeval is.*

## Bonus: 10 veiligheidsvaardighede wat elke gesin behoort te hê

- [ ] Basiese noodhulp kan toepas.
- [ ] Weet hoe om 'n brandblusser veilig te gebruik. 'n
- [ ] Gesinsnoodplan opstel en gereeld inoefen. Weet
- [ ] hoe om nooddienste vinnig te kontak.
- [ ] Verdagte of ongewone gedrag kan herken.
- [ ] Weet wat om tydens 'n inbraak te doen.
- [ ] Weet wat om tydens 'n huisbrand te doen.
- [ ] Basiese selfverdediging aanleer.
- [ ] Veilige vuurwapenhantering verstaan. Aktief
- [ ] by 'n buurt/plaaswag betrokke raak.

# Finansiële selfstandigheid



## Dink

Finansiële selfstandigheid gaan nie daaroor om ryk te wees nie. Dit gaan daaroor om beheer oor jou geld te hê en besluite te neem wat jou gesin oor die lang termyn sterker maak.

Elke rand wat jy verdien, spandeer, spaar of belê, vertel iets van jou prioriteite. Wanneer jy doelbewus met jou geld werk, skep jy meer geleenthede, groter gemoedsrus en meer veerkragtigheid wanneer omstandighede verander.

Selfstandigheid beteken ook om verantwoordelik te beplan. Om skuld verstandig te bestuur, vir onvoorsiene uitgawes voorsiening te maak en geleidelik bates op te bou wat waarde toevoeg.

***Die belangrikste vraag is nie:***
*"Hoeveel geld verdien ek?"*

***Die belangrikste vraag is:***
*"Hoe goed bestuur ek die geld wat ek het?"*

Finansiële selfstandigheid word selde deur een groot besluit bereik. Dit word gebou deur baie klein, wyse besluite wat oor jare heen momentum kry.

***Wenk***
*Vra altyd: Is hierdie 'n uitgawe of 'n belegging?*
*'n Produk wat jou uitgawes verlaag, jou produktiwiteit verhoog of jou huishouding meer selfstandig maak, kan oor tyd baie groter waarde lewer as wat die koopprys laat blyk.*

***Het jy geweet?*** *Klein veranderinge maak oor tyd 'n groot verskil. Wanneer jy onnodige uitgawes verminder, gereeld spaar en doelbewus in jou huishouding belê, bou jy stap vir stap aan groter finansiële onafhanklikheid.*

## Meet

**1. Het jy 'n begroting?**
- ☐ Ja, ek hou dit gereeld by.
- ☐ Ja, maar ek volg dit nie altyd nie.
- ☐ Nee.

**2. Het jy 'n noodfonds?**
- ☐ Ja.
- ☐ Ek is besig om een op te bou.
- ☐ Nee.

**3. Watter van die volgende beskryf jou die beste?**
- ☐ Ek spaar gereeld.
- ☐ Ek probeer spaar wanneer ek kan.
- ☐ Ek leef meestal van maand tot maand.

**4. Waarin belê jy tans?**
- ☐ Pensioen of aftrede
- ☐ Beleggings
- ☐ Eiendom
- ☐ My eie onderneming
- ☐ Huisverbeterings
- ☐ Geen van bogenoemde

**5. Wat is jou grootste doel?**

- ☐ Minder skuld
- ☐ Meer spaargeld
- ☐ Bou aan my bates
- ☐ Begin 'n onderneming
- ☐ Groter finansiële vryheid

## Verken: Bou 'n sterker finansiële toekoms

Finansiële selfstandigheid lyk vir elke huishouding anders. Vir sommige beteken dit om skuld af te betaal. Vir ander is dit om 'n onderneming te begin, meer te spaar of in hul huis of plaas te belê.

Oorweeg onder meer:

- Begrotings en kontantvloei
- Noodfondse
- Verantwoordelike skuldbestuur
- Versekering
- Aftreebeplanning
- Beleggings
- Ondernemings
- Bykomende inkomste
- Erf- en boedelbeplanning
- Finansiële geletterdheid

Gebruik KragDag om met finansiële kenners, entrepreneurs en diensverskaffers te gesels oor oplossings wat by jou doelwitte pas.

## Vra vir die verskaffer

Wanneer jy met verskaffers gesels, vra gerus:

- Wat is die totale koste oor die produk se leeftyd?
- Hoe lank neem dit voordat hierdie belegging homself terugbetaal?
- Watter onderhoudskoste moet ek verwag?
- Is finansiering beskikbaar?
- Watter waarborge of ondersteuning word aangebied?
- Hoe vergelyk hierdie oplossing met ander opsies?

## Vergelyk

Voordat jy besluit...

- ☐ Ek verstaan die totale koste.
- ☐ Ek het verskillende opsies vergelyk.
- ☐ Ek weet wat die langtermynvoordele is.
- ☐ Die aankoop pas by my begroting.
- ☐ Hierdie belegging help my om meer selfstandig te word.

## Beplan

My volgende stap

- ☐ Stel 'n begroting op.
- ☐ Bou 'n noodfonds.
- ☐ Betaal skuld vinniger af.
- ☐ Begin gereeld spaar.
- ☐ Belê in 'n oplossing wat my huishouding meer selfstandig maak.
- ☐ Gesels met 'n finansiële kenner.
- ☐ Ander: ........................................................................................

## Maak notas

Verskaffer(s):

Produk(te):

Belangrike opmerkings:

### Bonus: 10 vrae om te vra voordat jy 'n groot aankoop doen

- ☐ Het ek hierdie produk regtig nodig?
- ☐ Kan ek dit bekostig?
- ☐ Is daar 'n beter alternatief?
- ☐ Hoe lank behoort dit te hou?
- ☐ Wat kos die onderhoud?
- ☐ Sal dit my toekomstige uitgawes verminder?
- ☐ Voeg dit waarde tot my huis, plaas of onderneming?
- ☐ Is daar 'n waarborg of naverkopediens?
- ☐ Het ek verskillende aanbiedinge vergelyk?
- ☐ Help hierdie aankoop my om meer selfstandig te word?

# My persoonlike selfstandigheidsplan

## Dink

Jy het nou deur die belangrikste boustene van huishoudelike selfstandigheid gewerk.

Miskien het jy ontdek dat jy reeds verder gevorder het as wat jy gedink het. Of dalk het hierdie gids jou laat besef waar daar nog geleenthede vir groei is. Selfstandigheid is nie 'n eindbestemming nie.

Dit is 'n reis wat elke huishouding teen sy eie tempo aanpak. Niemand doen alles op een slag nie. Elke verbetering, hoe klein ook al, bou voort op die vorige een.

***Die belangrikste vraag is nie:***
*"Hoe selfstandig is ek vandag?"*

***Die belangrikste vraag is:***
*"Wat is my volgende stap?"*

Wanneer jy vandag een besluit neem en dit môre opvolg met nog een, begin klein druppels uiteindelik momentum kry.

## Terugblik: Hoe beoordeel jy jou vlak?

| Afdeling | Nogbaie werk | Redelikop pad | Sterk |
|---|---|---|---|
| Energie | ☐ | ☐ | ☐ |
| Water | ☐ | ☐ | ☐ |
| Voedsel | ☐ | ☐ | ☐ |
| Behuising | ☐ | ☐ | ☐ |
| Veiligheid | ☐ | ☐ | ☐ |
| Finansies | ☐ | ☐ | ☐ |

### Waar wil ek eerste groei?

Kies die drie gebiede waarop jy die volgende jaar wil fokus.

- ☐ Energie
- ☐ Water
- ☐ Voedsel
- ☐ Behuising
- ☐ Veiligheid
- ☐ Finansies

## My doelwitte vir die volgende 12 maande

**Doelwit 1** Waarom is dit belangrik?

........................................................................................

........................................................................................

........................................................................................

........................................................................................

Teen wanneer? ...................

**Doelwit 2** Waarom is dit belangrik?

........................................................................................

........................................................................................

........................................................................................

........................................................................................

Teen wanneer? ...................

**Doelwit 3** Waarom is dit belangrik?

........................................................................................

........................................................................................

........................................................................................

........................................................................................

Teen wanneer? ...................

## My KragDag-plan

Watter idees, produkte of oplossings wil ek verder ondersoek? Met watter verskaffers wil ek ná die ekspo opvolg? Watter vaardigheid wil ek volgende aanleer?

## My eerste stap

Wat is een praktiese ding wat ek binne die volgende maand gaan doen?

## My verbintenis

*Ek kies vandag om verantwoordelikheid vir my eie toekoms te neem. Ek aanvaar dat selfstandigheid 'n reis is en nie 'n bestemming nie. Ek sal aanhou leer, beplan en verbeter, een stap op 'n slag.*

Handtekening

Datum

***Onthou: Selfstandigheid groei selde deur een groot besluit. Dit groei wanneer 'n gesin besluit om 'n eerste boom te plant. Wanneer iemand leer om 'n kraan self reg te maak. Wanneer 'n huishouding begin spaar vir 'n sonkragstelsel. Wanneer bure mekaar leer ken. Wanneer kennis in aksie omskep word. Elke stap bou op die vorige een. So word druppels strome. En strome word riviere.***

## Baie dankie

Dankie dat jy deel was van die KragDag Selfstandigheidsgids. Ons hoop hierdie gids gee jou nie net nuwe idees nie, maar ook die moed om dit in praktyk om te sit. Gebruik dit as 'n werkboek. Maak notas, stel doelwitte, vra vrae en kom keer op keer daarna terug.

Selfstandigheid word nie in 'n dag gebou nie. Dit word gevorm deur gewone mense wat elke dag kies om verantwoordelikheid te neem, nuwe vaardighede aan te leer en stap vir stap aan 'n sterker toekoms te bou.

KragDag se uitstallerslys is 'n nuttige vertrekpunt om verskaffers van produkte en dienste te vind. Verken die lys, vergelyk oplossings en kontak die verskaffers wat die beste by jou behoeftes pas. Kry die lys van uitstallers hier: **www.kragdag.co.za/webtuiste/ekspo/lys-van-uitstallers**

Ons sien uit daarna om jou weer by KragDag te verwelkom. Tot dan: hou aan bou, hou aan leer en hou aan groei. Want wanneer elkeen sy deel doen, word druppels strome en strome word riviere.

KragDag

doen jou eie ding

LEX LIBERTAS

**Want dit is hoe selfstandigheid groei.
Druppels word strome. Strome word riviere.**